

Verenigende Gereformeerde Kerk Bredasdorp

17 September 1914

Die gemeente van die Nederduitse Gereformeerde Sendingkerk Bredasdorp het in 1914 tot stand gekom nadat die NGK Bredasdorp eerwaarde Louis du Plessis beroep het om die bruin lidmate van die NG Kerk te be-arbei. Vanaf 1881 tot 1914 het die NG Kerk Bredasdorp nie toegegee aan enige eis om 'n aparte gemeente vir bruin lidmate te stig nie. Eerwaarde Du Plessis het binne 6 maande 'n kerkgebou opgerig (wat vandag deel van die AGS se kerkgebou is) en die gemeente het vinnig gegroei. In 1922 het die gemeente deel geword van die NG Sendingkerk. Eerwaarde Du Plessis het voorts die gemeente vir 29 jaar bedien en baanbrekerswerk gedoen, met verskeie skole op die dorp en op plase onder die kerk se beheer, wat hy opgerig het. Sy seun, Dr. Otto du Plessis, was Administrateur van Kaapland, en die plaaslike hospitaal op Bredasdorp is na hom vernoem.

Na eerwaarde Du Plessis het nog drie eerwaardes die gemeente bedien – JJ Struwig, C de W la Grange en HC van den Berg. In eerwaarde Van den Berg se tyd het die eerwaardes volle status as leraars gekry en sy status het verander na Ds. Van den Berg. Ook in sy tyd moes 'n nuwe kerkgebou opgerig word (as gevolg van die groepsgebiedewet) en omdat die ou kerkgebou te klein geword het. Die huidige kerkgebou is in 1961 ingewy.

Ds. Van den Berg is opgevolg deur Ds. BP Visser, wat steeds onthou word as 'n baie streng, maar dinamiese leraar. Hy het die kerksaal laat bou en die plaasbediening uitgebrei. Na Ds. Visser het die predikante mekaar vinnig opgevolg. In 25 jaar het die gemeente 6 predikante gehad – MC Franken, LD le Roux, E Kritzinger, J van Rooyen, JG Rossouw en HJ Strydom. Die pastorie is verkoop in Ds. Kritzinger se tyd, en die gemeente moes huise huur vir die verblyf van Ds. Van Rooyen en Ds. Rossouw. Die huidige pastorie is aangekoop met Ds. Strydom se koms. Die afgelope 22 jaar is die gemeente bedien deur die huidige leraar, Ds. B Leuvenink.

26 Oktober 2023